AFRIKAANS

GRATIS

# ANTWOORDGIDS

## Lakadiga – die geheim van die verlore stad

Onderrigmateriaal deur Anneke Butler en Corné Erasmus




EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 8

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# ANTWOORDGIDS

# Lakadiga – die geheim van die verlore stad

Graad 8 Eerste Addisionele Taal

Anneke Butler
Corné Erasmus

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Vasco Boulevard, Goodwood, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika
Posbus 12119, N1-stad, 7463, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. is 'n filiaal van
Oxford University Press, Great Clarendonstraat, Oxford OX2 6DP.

Die Press, 'n departement van die Universiteit van Oxford, bevorder die Universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer in

Oxford New York

Auckland Dar es Salaam Hongkong Kaapstad Karatsji
Koeala Loempoer Madrid Melbourne Mexikostad Nairobi
Nieu-Delhi Shanghai Taipei Toronto

Met kantore in

Argentinië Brasilië Chili Frankryk Griekeland Guatemala Hongarye
Italië Japan Die Oekraïne Oostenryk Pole Portugal Singapoer Suid-Korea
Switserland Tsjeggiese Republiek Turkye Viëtnam

Oxford is 'n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press
in die Verenigde Koninkryk en sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika
deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., Kaapstad

**Lakadiga – die geheim van die verlore stad Antwoordgids**
978 195 99846 7

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Databasisregte Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. (skepper)

Eerste uitgawe 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder dat skriftelike verlof vooraf van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. verkry is, gereproduseer of in 'n stelsel vir inligtingsbewaring geberg word of op enige wyse weergegee word nie, tensy soos uitdruklik deur die wet toegelaat, of kragtens ooreenkoms met die geskikte organisasie vir reprografikaregte. Rig enige navrae ten opsigte van reproduksie benewens bogenoemde aan
Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die adres bo.

Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag gesirkuleer word nie, en dieselfde voorwaarde moet op enige aanskaffer geplaas word.

Uitgewer: Rudi MR Venter
Besturende redakteur: Zanri Kritzinger
Redakteur: Kobus Geldenhuys & Haidee Kruger
Omslagontwerper: Samantha Rowles & Judith Cross
Omslagillustreerder: Yvonne Robinson

Geset in 10.5 pt op 11 pt Times New Roman deur Zanri Kritzinger

# Inhoud

**Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite** (per hoofstuk)

Hoofstuk 1: In die middel van nêrens.................... 1

Hoofstuk 2: Die grap ........................................... 3

Hoofstuk 3: Planne en probleme ........................... 5

Hoofstuk 4: Stories van ’n verlore stad ................. 7

Hoofstuk 5: Vreemde voetspore ............................ 9

Hoofstuk 6: Die pers ou en die blink bal............... 10

Hoofstuk 7: Grotte en mummies ........................... 13

Hoofstuk 8: Die vreemde stad ............................... 14

Hoofstuk 9: Lakadiga ........................................... 16

Hoofstuk 10: ’n Orakel en ’n altaar....................... 19

Hoofstuk 11: Gister... vandag... môre.................... 21

Hoofstuk 12: Doodsgevaar .................................... 23

Hoofstuk 13: Die grootste geheim......................... 25

**Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae**

Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering . 28

# Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite

Gebruik die voorgestelde antwoorde in hierdie afdeling as memorandum vir die aktiwiteite om leerders te assesseer. Die antwoorde is per hoofstuk en volgens die leesproses (pre-lees, tydens lees en post-lees) georganiseer. Die antwoorde dien as riglyn vir assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe en moedig leerders aan om self die teks te interpreteer en hul antwoorde uit die teks te motiveer.

## Hoofstuk 1: In die middel van nêrens

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die agtergrondinligting oor die Kalahari (bl. 54) as riglyn.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die karakters is op ’n oorlewingskamp.

2 Hierdie “middel van nêrens” is die Kalahari-woestyn.

3 Die hoofkarakters se spannaam is die Meerkat-span.

4 Hulle span se naam is gepas vir die omgewing, want meerkatte is volop in die Kalahari.

5 Die karakters is tydens die September-vakansie in die Kalahari.

6 Hulle gaan vir tien dae daar wees.

7 Die groep leerders kom van Bloemfontein af.

8 Chad wil die heeltyd na die verlore stad van die Kalahari soek.

9 a Die onderwyser se bynaam is Akkedis.
b Die onderwyser lyk en is soos ’n reptiel. Dit kan beteken hy het dalk ’n skubberige vel en klein ogies, soos ’n akkedis. Dit kan dalk ook beteken hy het ’n koue geaardheid, want reptiele is koudbloedig.

10 Die Meerkat-span se lede is Chad, Pippa en Lwazi.

11 Pippa wil eerder saam met haar vriendin, Lizzie, en haar aantreklike broer, Tyler, vakansie hou in Sun City.

12

| **a Woorde** | **b Suiwer Afrikaans** |
|---|---|
| check | kyk, bekyk |
| survivor-kamp | oorlewingskamp |
| flippen | dekselse, vervlakste |
| survive | oorleef |
| stupid | simpel, dom |

| | |
|---|---|
| marshmallow | malvalekker |
| high five | vatvyf |
| bru | my ou, vriend |

## Hoofstuk 2: Die grap

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Lei ’n bespreking oor leerders se vorige ervarings van kampeer.
- Dinge waaroor ’n mens kan lag by ’n kamp sluit poetse of snaakse sêgoed in.
- Grillerige dinge op ’n kamp is goed soos insekte, of ’n gebrek aan toiletgeriewe.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Akkedis vra: "Wat moet 'n mens nooit doen as jy in die woestyn verdwaal nie?"

b Pippa antwoord: "Jy moenie jou selfoon by die huis vergeet nie ..."

c Chad het baie goed opgelet terwyl Akkedis hulle van die moets en moenies oor die woestyn vertel het.

2 Jy moenie (a) paniekerig raak nie. Jy moet (b) stop, (c) dink, (d) waarneem wat om jou aangaan, (e) kyk wat jy kan gebruik en (f) kalm (g) beplan wat jy gaan doen.

3 Pippa dink aan die Mimosa Mall in Bloemfontein.

4 a Die woord "flippit" wys hoe verstom Pippa is.

b Pippa het gedink hy is nie baie slim nie. Sy ken hom nie as iemand wat juis oplet nie.

5 Die sin wat sê almal weet dadelik dis Lwazi wat gekskeer: "Toe draai alle oë in een rigting."

6 Die bewering oor Akkedis is onwaar. Die sin wat dit bewys: "Almal weet hy haat sy bynaam."

7 Die twee opeenvolgende woorde wat sê hoe Akkedis lyk en waarom hy die bynaam het, is "skurwe wange".

8 a Akkedis se opdrag is dat elke span 'n kampprojek moet beplan. Hulle het twintig minute om dit te beplan, en moet die volgende oggend ná ontbyt hulle plan vir Akkedis verduidelik.

b Hy verbied hulle om naby die filmspan agter die duine te gaan.

9 Die tema van die verhaal is tieners se ervaring by ’n oorlewingskamp in die Kalahari tydens die September-vakansie. (Laat leerders hierop uitbrei.)

## Hoofstuk 3: Planne en probleme

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Leerders se eie gedagtes oor moontlike kampprojekte wat ’n mens in die Kalahari sou kon aanpak.
- Leerders se eie gedagtes oor of die Meerkat-span dit gaan regkry om op ’n projek te besluit.
- Die woord “probleme” in die hoofstuk se titel gee die leidraad dat hulle gaan sukkel of van mening gaan verskil.
- Die illustrasie wys hoe die drie spanlede sit en wonder watter projek hulle moet doen. Die seuns lyk of hulle diep nadink. Pippa kyk om asof iets haar aandag trek of haar laat skrik.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Twee bewyse uit die eerste paragraaf dat die Meerkat-span sukkel: “kopkrappery” en “skouers wat hang”.

2 a Pippa stel voor hulle doen ’n projek oor eetbare of medisinale plante. Sy sê hulle moet eetbare plante versamel, en dit vir ’n ete kook.

b Chad se kritiek op Pippa se voorstel is dat hy bang is die hele klas kry iets giftigs in.

c Lwazi stel voor hulle moet leeuspore om die kamp maak en die ander spanne dit dan soos San-spoorsnyers laat volg.

d Pippa dink dit is ’n simpel voorstel.

3 ’n Mens kan sê Chad tree baie verantwoordelik op voor hulle gaan slaap, want hy skep ’n blikkie vol sand en gooi dit oor die kole om die vuur dood te maak.

4 Pippa en Chad dink albei dit is ’n goeie idee om die verlore stad te soek vir hulle projek.

5 a Lwazi se optrede is om sy oë te rol.

b Lwazi se woorde is: “Julle twee is breindood.”

6 Chad skuif ongemaklik rond, want hy het dalk ’n bietjie aangedik. Hy is nie heeltemal seker presies waar dit is nie.

7 Twee voorbeelde van personifikasie: Haar flitslig “soek” tussen die tente, en hoendervel “kruip” oor haar arms.

8 Pippa dink die vreemde ding wat sy sien, is dalk ’n jakkals of ’n leeu, of Lwazi wat gekskeer.

9 Pippa sien die volgende:

- Vreemde oë

- Lyk soos halfmane
- Dit gloei witblou
- Kyk stip na haar
- Knip stadig oë
- Verdwyn skielik.

10 Die pers vingers vat ’n blikkie Fanta Grape uit Pippa se tent.

11 Hierdie ding is moontlik ’n vreemde wese of *alien*.

## Hoofstuk 4: Stories van ’n verlore stad

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die agtergrondinligting oor die verlore stad in die Kalahari (bl. 57) as riglyn.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Pippa is vies vir die seuns, want sy dink hulle het haar die vorige aand probeer bang maak.

2 Die seuns is vies vir Pippa, want sy het vir Akkedis gesê hulle gaan ’n projek oor die verlore stad doen.

3 Die Kalahari strek oor Suid-Afrika, Botswana en Namibië.

4 Daar kom diamante in die Kalahari voor.

5 a ’n Dekade is tien jaar.
b ’n Eeu is ’n honderd jaar.
c ’n Millennium is ’n duisend jaar.

6 a ’n Mens is <u>beroemd</u> as jy bekend is vir <u>goeie</u> dinge.
b ’n Mens is <u>berug</u> as jy bekend is vir <u>slegte</u> dinge.

7 Chad se ligblou oë blink en hy vryf sy hande, wat wys hy is baie opgewonde om vir hulle meer oor Farini en die verlore stad te vertel.

8 a Die drie begin soek na voetspore.
b Die werk nie, want daar het al te veel mense om die tent geloop.

9 Lwazi sê hulle moet na die verlore stad begin soek by die klipkoppie, so 400 meter van die droë pan, waar hulle kamp opgeslaan het, af.

10a Pippa besluit om koeldranke saam te neem.
b Die woord “verstar” wys hoe geskok sy is. “Gil” is ’n ander woord wat haar skok uitdruk.

# Hoofstuk 5: Vreemde voetspore

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Speurders en jagters gebruik voetspore om uit te vind wie iewers geloop het of waar iets is.
- Die titel van hierdie hoofstuk laat 'n mens dink Pippa-hulle gaan iets ongewoons ontdek wat vir hulle 'n leidraad tot iets anders gaan gee. Die illustrasie sluit direk hierby aan, want dit wys hoe bestudeer hulle die vreemde spore.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Karakter en beskrywing:

1.1 D
1.2 C
1.3 A
1.4 B
1.5 E

2 a “Ek sê jou, dit móét hier iewers wees.” Chad.
b “Jy moenie jou selfoon by die huis vergeet nie, Meneer!” Pippa.
c “Jy moet stop, dink, waarneem wat om jou aangaan, kyk wat jy kan gebruik en kalm beplan wat jy gaan doen.” Chad.
d “Ligte-af is oor ’n uur …” Akkedis.
e “Ek dink nog my spoorsny-idee is great…” Lwazi.
f “Ek sit in die koelte. Dis die plan. Punt.” Pippa.

3 Pippa se tent is omgekrap; haar slaapsak lê eenkant; daar is in haar rugsak gekrap; die koelsak se deksel is afgegooi; en haar tentseil het ’n gat in.

4 Lwazi dink ’n bobbejaan het die gemors veroorsaak.

5 Chad dink dit kon nie ’n bobbejaan gewees het nie, want die gat is nie geskeur nie. Dit lyk asof iemand sommer net daardeur geloop het.

6 Die voetspore waarop hulle afkom, is van *fancy* skoensole met sonnetjies op.

7 Pippa tel ’n leë koeldrankblikkie langs die pad op.

8 a Die voorwerp wat Pippa agter ’n rots sien blink, is rond.
b Dis amper so groot soos ’n netbalbal.
c Dis die kleure van seepborrels wat blink in die son.

## Hoofstuk 6: Die pers ou en die blink bal

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die karakters in die illustrasie is van links na regs: Chad, Pippa, Lwazi en die "pers ou", oftewel X-zon.
- Lei 'n klasbespreking oor wat leerders vroeër in die storie alles van hierdie vreemde ou gelees het. Verwys na die voorgestelde antwoorde vir vrae 9 en 10 van Hoofstuk 3.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die vreemde seun het maanwit hare wat tot op sy skouers hang. Hy dra 'n stywe silwer pak, en hy het elektriese blou oë en 'n pers vel.

2 Niemand kan die seun verstaan nie, want hy praat in 'n vreemde taal.

3 Die seun se interpreteerder is defek (gebreek).

4 Die seun noem sy instrument wat maak dat hy verskillende tale kan praat 'n vertaler.

5 ’n Mens weet Chad is bangerig, want sy stem bewe effens.

6 a Twee groot woorde wat X-zon gebruik is “defek” en “funksioneer”.

b Chad sou die woorde “gebreek” en “werk” gebruik het.

7 X-zon was eintlik op pad na Planeet Zezzu toe hy in 2014 in die Kalahari beland het.

8 Wanneer Lwazi met sy vinger oor X-zon vryf, kom hy agter dis nie pers verf nie.

9 Pippa dink die ou is dalk ’n akteur wat deel is van die filmspan. Sy dink dit is seker ’n wetenskapfiksie-film.

10 X-zon laat swel die bal (planotometor) groter en groter tot dit ’n ruimtetuig word.

11 X-zon se interpreteerder, planotometor en datometor is gebreek. Maar die vertaler werk.

12 X-zon wil vir Pippa beduie sy moet uit die pad uit kom.

13 Wanneer die persblou lig haar optel, voel Pippa dronk in haar kop (asof die aarde begin draai); die kleure van seepborrels dans voor haar oë en vou om haar, en dit voel asof sy daarop wegdryf.

14 B. Pippa sien ’n mummie.

## Hoofstuk 7: Grotte en mummies

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Egipte is bekend vir sy mummies.
- Mummies behoort tot die antieke tyd in die geskiedenis.
- Daar word nog vandag mummies gemaak. Soms wil mense hulle liggame laat bewaar bly en daar is selfs ’n kunsuitstalling van mummies wat regoor die wêreld toer om vir mense te wys hoe ons liggame lyk.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 X-zon het volgens Pippa arms waarin ’n meisie kan wegsmelt en ’n sterk ken. Hy is ook langer as wat sy is.

2 X-zon se sin in gewone Afrikaans: “Ek is jammer om te sê ek het nie ’n idee waar ons nou is nie.”

3 Pippa onthou Chad se woorde: "As jy in die moeilikheid is, moet jy kalm bly, kyk wat om jou aangaan en rustig 'n plan maak."

4 Die planotometor, die ligstraal en X-zon self, wat vir Pippa so eerlik voel, maak dat sy nie anders kan as om sy storie te glo nie.

5 a Die mensdom het die osoonlaag erg beskadig.
b Dit het duisende jare gelede gebeur.
c Wetenskaplikes het 'n pers pigment ontwikkel om mense se velle te beskerm; daarom is X-zon pers.

6 X-zon noem sy bloupers ligstraal sy zuppelluz-straal.

7 a Die leerders se hede is X-zon se verlede.
b X-zon se hede is die leerders se toekoms.

8 Pippa en X-zon is in 'n grafkelder.

9 Pippa het verwag om die Kalahari te sien met sy sand, kameeldoringbome, die droë pan en dalk die leerders se tente.

## Hoofstuk 8: Die vreemde stad

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- As 'n mens die titel van die novelle in gedagte hou, is die vreemde stad heel moontlik die verlore stad.
- Leerders se eie gedagtes oor wat Pippa voor haar sien.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Pippa sien ’n yslike blou meer, houtskepe met wit seile, palmbome en ’n enorme stad.

2 Die stad is enorm groot en is gebou met rooi sandsteen. Daar is hoë klipmure en baie torings.

3 X-zon dink hulle kan enige plek op planeet Aarde wees.

4 Pippa gil verlig wanneer sy Chad sien. Pippa is so bly om Chad te sien dat sy hom sommer om die nek wil gryp.

5 a Chad se woorde wat wys hy is bly om vir Pippa te sien: “Flippit Pippa Wippa, ek het nie gedink ek sal ooit bly wees om jou te sien nie.”

b Chad glimlag breed van blydskap.

6 Hulle moet vir die slawehandelaars wegkruip.

7 a Kamele met pakke op hulle rûe.
b Soldate met pers mantels.
c Waens vol olifanttande en leeuvelle.
d Rye mense met kettings aan mekaar vas.
e Mans met rokke wat die slawe met swepe aanjaag.

8 Toe hulle weghardloop, het Lwazi in ’n gat getrap en is hy gevang.

9 Die karakters gaan uitstaan in die antieke stad, want hulle dra moderne denims en T-hemde. Verder gaan X-zon se pers lyf ook almal se aandag trek.

10 Die uitdrukking wat sê mense gaan hulle maklik opmerk as die karakters hulle nie vermom nie: Hulle gaan soos seer vingers uitstaan.

11 X-zon bring die mummies se klere om aan te trek. Dit lyk baie soos die stadbewoners se klere.

12 Leerders se eie gedagtes.

## Hoofstuk 9: Lakadiga

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Lei leerders om die titels van die novelle, die vorige hoofstuk en hierdie hoofstuk in gedagte te hou en die verband tussen die drie titels te sien.
- Lei leerders in hulle voorspelling oor wat in hierdie hoofstuk gaan gebeur met verwysing na die illustrasie op bl. 32. Uit die illustrasie kan ons aflei dat Lwazi gevange geneem is, en êrens in die stad is. Ons kan ook raai dat die drie vriende hom wel opspoor – die figuur met die kappie en die

voorgrond herinner aan Pippa. Ons wonder oor die olifant met die drastoel in die illustrasie. Dit lyk asof dit dalk ’n belangrike rol verder in die verhaal kan speel.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 X-zon verwys na die mummies as “die gedroogde mense”.

2 Pippa dink die grys mantel sal X-zon goed vermom, want dit sal sy lyf wegsteek en het ook ’n kappie om sy gesig weg te steek.

3 Dit pla Pippa dat sy voel asof sy al voorheen op die plek was.

4 Die woorde word in ’n ander lettertipe geskryf, want dit is ’n opskrif van ’n koerantberig wat Pippa uitdink.

5 a X-zon kies sy woorde versigtig om hulle nie te ontstel nie.

b X-zon se planotometor is weg.
c Dis ’n probleem, want hulle moet daarmee weer teruggaan na die tyd en plek waar hulle vandaan kom.

6 Chad sê hulle moet tussen die waens inglip en saam met die verkeer by die stad instap.

7 Chad vermoed die slawe word by ’n mark naby die hawe aangehou.

8 a Die stalletjies by die mark is hoog gelaai met lekker kos soos gedroogde vis, heuning en dadels. Die vroue dra armbande, en daar is slawe wat die harde werk doen.
b Die woorde “laggende kinders” wys hulle is gelukkig.

9 Die vrouestem met die vinger vol ringe wys na Lwazi.

10 Die mense noem hierdie vrou “u Hoogheid”.

11 ’n Orakel is ’n priester wat ’n uitspraak of voorspelling maak.

12a Dit sal die oggend van die dag ná die bloedmaannag gebeur.
b ’n Blink bal gaan verskyn. ’n Vreemdeling met vreemde klere sal daarna opdaag.
c Die blink bal sal bo die plek van die dooies verskyn. Die vreemdeling sal in Lakadiga opdaag.

## Hoofstuk 10: ’n Orakel en ’n altaar

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Lei ’n gesprek oor wat ’n orakel is deur te verwys na leerders se antwoord by vraag 11 in die vorige hoofstuk.
- Die woord “altaar” in die titel van die hoofstuk skep die verwagting dat iets of iemand geoffer (doodgemaak) gaan word.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die vrou is ’n koninklike, want die mense noem haar “u Hoogheid”, hulle kniel voor haar, en sy het knegte.

2 Die vrou op die plein koop ’n slaaf, Lwazi.

3 Pippa, Chad en X-zon volg vir Lwazi, wat agter die vrou se olifant vasgeketting word.

4 Chad verduidelik vir X-zon ’n orakel is ’n soort priester wat die toekoms voorspel of vir mense raad gee. Die mense glo dan dat dit ’n boodskap van die gode is. Mense van antieke beskawings het aan orakels geglo.

5 Leerders se eie gedagtes.

6 Chad lei af dat hulle nie net op ’n ander plek is nie, maar ook in ’n ander tyd – waarskynlik die antieke tyd.

7 a Die gewone Afrikaanse uitdrukking vir X-zon se woorde is: Wat op aarde is dit?

b X-zon se dialoog is gepas, want hy is ’n ruimtewese uit die toekoms.

8 ’n Sinoniem uit die verhaal vir “reusagtig” of “baie groot” is “kolossale”.

9 Die prinses se vingers is vol ringe; sy het ’n fyn voetjie in ’n goue sandaal en ’n dun middeltjie; sy dra ’n blink goue band om haar kop; sy dra ’n sagte pers kleed; haar vel gloei; sy het lang gladde swart hare; sy is omtrent so oud soos die leerders in die novelle.

10 Hierdie priester-prinses se naam is Izebe.

11 Die orakel het voorspel dat:
’n Vreemdeling na Lakadiga sal kom.
Die vreemdeling aan die Purper Godin geoffer sal word.
Die reën sal kom en Lakadiga van die droogte bevry sal wees.

12 Die regte volgorde van die gebeure:

a X-zon, Pippa en Chad duik agter mure in.

b Lwazi word na die altaar geneem.

c Prinses Izebe hou ’n glinsterbal in die lug.
d Pippa struikel en slaan neer.

13 Pippa is bewusteloos.

## Hoofstuk 11: Gister... vandag... môre...

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van die hoofstuk laat ons dink aan die verlede, die hede en die toekoms.
- Lei ’n bespreking oor hoe dit by mekaar aansluit. X-zon se hede (waar hy vandaan kom) is die leerders se toekoms, en die leerders se hede (die kamp in die Kalahari) is vir X-zon die verlede. Maar nou is hulle almal in ’n tyd selfs verder terug – dus ’n gedeelde verlede.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die vier vriende is nou in die tronk in Lakadiga.

2 Hulle gaan met sonsopkoms aan die Purper Godin geoffer word.

3 X-zon moet weet waar hulle is en watter jaar dit is voor hy die planotometor kan regmaak.

4 Die twee belangrike struikelblokke is: Hulle het nie die inligting (data) nie, en hulle het nie die planotometor nie.

5 a Die vertrektyd wat X-zon besig was om in te tik is 2014.
b Die kontrolepaneel se knoppies het vasgehaak.
c Die karakters vermoed hulle het in 201 v.C. beland.
d Dit is waarom alles so outyds is en die mense in orakels glo.

6

| **Woord uit die titel** | **Tydperk** | **Jaartal** | **Plek** |
|---|---|---|---|
| gister | verlede | 201 v.C. | Lakadiga |
| vandag | hede | 2014 | Kalahari / Kgalagadi |
| môre | toekoms | 4102 n.C. | Digakala |

7 Die skrywer het met dieselfde letters en syfers gespeel om nuwe name en jaartalle te vorm.

8 a Die stad om die meer is die <u>tentkamp</u> om die droë <u>pan</u>.
b Die heuwel met die mummies is die <u>klipkoppie</u>.

9 Leerders se eie werk.

# Hoofstuk 12: Doodsgevaar

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Beweeg tussen die groepe deur en lei hulle waar nodig om ’n plan te beraam wat al vier die hoofkarakters betrek.
- Hou ’n klasbespreking oor wat almal voorspel in die illustrasie gebeur. Dit lyk asof X-zon van sy vermomming ontslae raak en sy ware voorkoms onthul. Die soldate wil hom vang, en Izebe staan in die agtergrond.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Pippa kry koud en sy is bang.

2 Pippa se hart wil breek, want dan gaan X-zon nie meer daar wees nie, en sy het van hom begin hou.

3 X-zon kan vir ’n feit sê Izebe se offer aan die gode sal nie werk nie, want hy kom uit die toekoms en hy weet die plek het opgedroog en die stad vergaan.

4 Op die plein is daar ’n groot groep mense, twee priesters met hooftooisels langs die altaar, Prinses Izebe, twee slawe, vier wagte en vier gevangenes.

5 Die vergelyking wat die stadige slae van die ghong beskryf, is “soos ’n dodemars”.

6 Pippa is baie bang, want haar hart klop in haar keel.

7 Chad dink nie hulle plan gaan werk nie en sê: “Dis tickets met ons.”

8 Pippa is gespanne, want haar hande sweet.

9 Pippa kruis haar vingers, want sy hoop vir geluk.

10 Lwazi buikspreek en die mense dink dit is iets uit die altaar wat gepraat het.

11a Die eerste deel van Pippa se plan is dat die wagte hulle boeie oopsluit.
b Die eerste deel van die plan het gewerk.
c Die tweede deel van die plan is dat X-zon die planotometor moet aktiveer.
d Die tweede deel het ook gewerk. Maar daar is nou ’n probleem: Chad is traag om in die ruimteskip te klim, en dinge begin verkeerd gaan.

12a Chad wil eers ’n bewys saamvat voor hy in die planotometor spring.

b Hy vat een van die bobbejaanbeelde.
c Die olifant trompetter skielik hard en gryp Chad met sy slurp.

13 X-zon spring uit die planotometor, gooi sy mantel oop en staan voor die altaar dat die son op sy silwer klere skitter.

14 ’n Intensiewe vorm vir baie stil is “grafstil”.

15a Prinses Izebe sak op haar knieë neer.
b Sy sê: “My Purper Prins”.

## Hoofstuk 13: Die grootste geheim

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- ’n Mens verwag dat die span hulle reis deur tyd geheim sou hou. Hulle sou ook waarskynlik vir X-zon geheim hou.
- Hulle hou hulle wedervaringe waarskynlik geheim omdat niemand hulle in elk geval sal glo nie.
- Laat leerders sê wat hulle in hierdie situasie sou doen.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 "reptielogies".

2 Die Meerkat-span was drie dae lank weg.

3 Die spanmaats se geheim is alles wat hulle in die verlore stad beleef het – en hoe hulle daar gekom het.

4 Hulle wil dit liewer geheim hou, want niemand sal hulle glo nie. Die ander sal dink hulle is mal.

5 Hulle sê vir Akkedis hulle het ná drie dae se spanwerk in die duine op die artefak afgekom.

6 a Die argeoloë is baie opgewonde oor die bobbejaanbeeld.
  b Die koerante wil onderhoude met die Meerkat-span voer.

7 X-zon het miskien in die verlore stad agtergebly. Hy kon ook dalk na 'n ander tyd en plek toe gegaan het, of na sy eie tyd en plek teruggekeer het.

8 Die frase "Met 'n kop wat hang …" wys Pippa voel sleg omdat sy nie weet wat van X-zon geword het nie.

9 Dit is vir Pippa vreemd wanneer haar selfoon biep, want daar is nie 'n sein nie.

10 Die volledige SMS-boodskap is: "The Lost City is great."

11 Dit kon Pippa se vriendin Lizzie wees wat die SMS gestuur het, of dalk X-zon. (Enige aanvaarbare antwoord.)

12a Planotometor: ’n Voertuig waarmee ’n mens deur tyd en na verskillende plekke kan reis. ’n Planotometor is soms in die vorm van ’n skitterende, helderkleurige bal so groot soos ’n netbalbal, maar verander in ’n ruimtetuig so groot soos ’n Smart-motor.

b Datometor: ’n Meetinstrument wat datum en tyd bepaal.

13 Woord en betekenis:

13.1 F
13.2 E
13.3 A
13.4 H
13.5 D
13.6 B
13.7 G
13.8 C

14 Karakter en beskrywing:

14.1 B
14.2 A
14.3 H
14.4 F
14.5 D
14.6 G
14.7 I
14.8 J
14.9 E
14.10 C

# Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae

Behandel die volgende **instruksies** en **wenke** vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute en antwoord in goeie Afrikaans.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los 'n reël oop tussen elke antwoord.

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering

Die antwoorde hieronder dien as riglyn vir die kontekstuele vrae in die Formele assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe, mits dit uit die teks gemotiveer is.

1 Die verteller in die verhaal is 'n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller. (1)

2 Die tema van die verhaal is wetenskapfiksie oor drie tieners se ervarings in 'n verlore stad. (1)

3 a Die onderwyser is kwaad omdat Pippa 'n verkeerde antwoord gegee het en omdat Lwazi sy bynaam hardop genoem het. (1)

b 'n Metafoor van vier woorde uit die gedeelte: "'n taai tong uitskiet". (1)

c Die onderwyser spring op en klap sy notaboek toe. Hy gee 'n kwaai kyk en loop vining weg. (2)

d Die onderwyser se bynaam is Akkedis. (1)

e Twee agtereenvolgende woorde wat wys sy bynaam pas goed by hom is "skurwe wange". (1)

f Die onderwyser se oë word later in die verhaal beskryf as "reptielogies". (1)

g Chad is die derde lid van die span. (1)

h Hulle is die Meerkat-span. (1)

i Die naam is gepas, want daar kom baie meerkatte voor in die Kalahari. Verder lyk meerkatte altyd nuuskierig. (1)

4 Die groep leerders kom van Bloemfontein af. (1)

5 Hulle het in die September-vakansie kom kamp. (1)

6 Hulle kamp in die Kalahari. (1)

7 Pippa-hulle se kampprojek was ... om die verlore stad van die Kalahari te soek. (B) (1)

8 X-zon kom van die planeet Aarde af. (1)

9 Instrument en beskrywing:

9.1 C
9.2 A
9.3 B
9.4 D (4)

10a Dit is die planotometor. (1)

b Lwazi is gevang en hulle wil hom as slaaf verkoop. (2)

c Hier word gepraat van die stad Lakadiga. (1)

d Die prinses van hierdie stad se naam is Izebe. (1)

e Die orakel (B) het vir die prinses 'n voorspelling gemaak. (1)

11 “Vandag het ’n (a) vreemdeling na ons land gekom. Môre met (b) sonopkoms word hy aan die (c) Purper Godin geoffer. Wanneer ons dit gedoen het, sal die (d) reën kom en ons geliefde (e) Lakadiga bevry van die (f) droogte wat ons so swaar laat kry. Só is dit voorspel.” (6)

12

| **Tydperk** | **Jaartal** | **Plek** |
|---|---|---|
| (a) verlede | 201 v.C. | (b) Lakadiga |
| (c) hede | 2014 n.C. | Kalahari / Kgalagadi |
| toekoms | (d) 4102 n.C. | (e) Digakala |

(5)

13 Die kleur pers is ’n simbool van antieke tye, koninklikheid, rykdom en oorvloed. (2)

**[Groottotaal: 40 punte]**

Antwoordgidse vir die volgende novelles is beskikbaar:

Graad 7 | Graad 8 | Graad 9

**Afrikaans Huistaal:**










**Afrikaans Eerste Addisionele Taal:**










**Engels Huistaal:**










**Engels Eerste Addisionele Taal:**









**isiXhosa Huistaal:**








ISBN 978 0 195 99846 7

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

www.oxford.co.za

SOUTHERN AFRICA